Vaalpark NG Kerk — Geloofsfamilie

# Gebedsbulletin
# No. 35 van 2024

## 01 September 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Leef eg, dan leef jy reg

Om skynheilig te wees, is om voor te gee wat jy nie regtig is nie. Die Encyclopedia Britannica beskryf 'n skynheilige as "a person who claims or pretends to have certain beliefs about what is right but who behaves in a way that disagrees with those beliefs". Kom ons wees eerlik: Ons almal was al skynheilig. Ons almal het al in stryd met ons eie waardes en beginsels opgetree. Dit is egter iets anders om voltyds skynheilig te leef. Mense, wat twee gesigte het, een vir die kerk en 'n ander een vir die werk, doen dit. Mense, wat geheime verhoudings buite hul huwelik in stand hou, doen dit. Leraars, wat Sondae preek, maar wat self nie meer glo nie, doen dit. Swendelaars, wat voorgee om ander mense met hul geldsake by te staan, maar wat hulle verkul, doen dit. Mense, wat voorgee om almal se vriende te wees, maar wat hulle agteraf slegmaak, doen dit ook.

Om skynheilig te leef, skreeu ten hemele. Dit grief God. Moenie so leef nie. Wees opreg. Wees absoluut opreg, wanneer jy alleen is. Onthou jou lewe is altyd oop en bloot voor God. Leef jou lewe met integriteit in Sy teenwoordigheid. Dan sal jy steeds reg optree, wanneer jy jouself tussen ander mense bevind. Dan sal jy nie 'n voltydse kulkunstenaar wees, wat voorgee om iemand te wees wat jy nie regtig is nie. Leef eg, dan leef jy reg.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Tannie Bets Coetzee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adolf Wolmarans
Adri Botha
Marthie Jooste
Allison Vorster
Ansie Harrison
Jurie Matthee
Johan Zulch
Pieter Voight
Natasha Stolz
Sierie Prinsloo
Dewald Brink

*Ons innige simpatie en meegevoel aan tannie Annie Brink en familie met die afsterwe van haar dogter*

*Ons innige simpatie en meegevoel aan Deon & Charmaine Olivier met die afsterwe van hulle seun Hendru Olivier*




**Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .**
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...
- HERE, ek het U lief! AMEN







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in